# VIER AFRIKA-TALE!




**Hallo! Dis Gogo hier.** Op 21 Februarie is dit **Internasionale Moedertaaldag**, en ek wil jou herinner aan die belangrikheid van Afrikatale. Tale gaan oor meer as net woorde; hulle het ook gesegdes en idees wat nie vertaal kan word nie! Op hierdie manier hou hulle ons kulture lewendig en gee ons 'n belangrike gevoel dat ons iewers hoort. As ons nie ons kinders hul moedertale leer nie, beroof ons hulle nie net van 'n taal nie, maar ook van hul identiteit!

## Hier is vier wenke om saam met jou kinders vir Afrikatale liewer te word.

- **Begin vroeg:** Babas en jong kinders hou van rympies en herhaling. Terwyl hulle luister, begin hulle uitvind hoe om klanke en dan woorde bymekaar te voeg. Gebruik tradisionele rympies wat uniek aan jou kultuur is.
- **Deel stories:** Soek boeke in jou eerste taal by jou plaaslike biblioteek. As daar nie enige sulke boeke is nie, vertaal of vertel self jou gunstelingstories oor of kry toegang tot gratis kinderverhale in verskillende Afrikatale op Nal'ibali se webwerf, **www.nalibali.org**, of deur 'stories' na **060 044 2254** te WhatsApp.
- **Hou aan:** Begin van geboorte af met jou kinders in hul moedertaal praat en lees en hou aan om dit deur hul hele lewe te doen.
- **Geniet dit:** Tongknopers bevorder uitspraak en vlotheid. Hulle help ook om aksente deur die herhaling van een klank te ontwikkel. Hier is 'n voorbeeld: Sannie sê sy sal sewe sakke sout sleep. Herhaal drie keer.

